# SKOLEBEDIENING: Week van Gebed – Dag 3

**Benodighede**: blokkies papier; stroke papier, penne, wondergom

**Doel van les:** Bid vir ons skool

**Praise and worship**

**Aktiwiteit en les:** 'n Paar vrae – steek net die hande op.

Wie van julle hou van skool?
Wie van julle hou nie van skool nie?
Vir wie van julle is skool belangrik?
Vir wie van julle is skool nie belangrik nie?

Daar is twee dele in die Bybel wat mens kan gebruik wanneer dit by jou skool kom. Die eerste is 1 Pet 2:13 (NLV) - Omdat die Here dit so wil hệ, moetjulle alle gesag aanvaar. Wat is gesag ? Dis goed soos die skool en die regering – mense wat jou moet help om op die regte pad te bly sodat jy nie in die moeilikheid kom nie, en julle ook goed leer.

Die tweede is 1 Tess 5:12 (1983) – Broers, ons vra julle: Erken die mense wat so hard onder julle werk en julle in opdrag van die Here lei en teregwys. Hierdie is mense wat julle van die Here leer en wat Hy wil hệ dat julle moet doen. Hierdie kan ook jou onderwysers wees wat jou leer en reg help wanneerjy verkeerd doen.

**Tyd vir stil gebed (5 min)**: Deel papierjies en penne uit. Ons weet ook dat daar goed in die skool gebeur wat nie vir julle lekker is nie. Julle gaan nou die vierkantige papiertjies gebruik, julle skryf op die papiertjies wat julle vir die skool oor wil bid. Julle pak die papiertjies in die vorm van 'n kruis op die vloer uit. Wanneer julle klaar is gaan staan elkeen by sy papiertjie en bid oor daai spesifieke probleem. Hou genoeg spasie tussen die papiertjies vir jou om gemaklik te kan staan. Wanneerjulle klaar is bring julle al julle papiertjies vir my.

**Afsluiting (5 min)**: Ek weet baie van julle hou nie van skool nie, maar daar is so baie om voor dankie te sệ wanneer ons aan ons skool dink. Skryf op die papiertjies waarvoor julle oor julle skool wil dankie sệ en gaan plak dit dan op die plakaat teen die muur.